



eduresourceza.com

VRAESTEL 1 PROEFEKSAMEN

eduresourceza.com


AFDELING A LEESBEGRIP**Vraag 1 Tydskrifartikel**

Lees die onderstaande tekste deeglik deur en beantwoord die vrae wat volg.

Wat beteken jou gesels-gesiggies?

1. Daardie geel gesiggie wat ons so effektief op sosiale media gebruik, het deel van ons daaglikse woordeskat geword. In 2015 was die Oxford Woordeboek se woord van die jaar, nie 'n woord nie, maar 'n emoji of ook genoem emoticon! Die woord "emoji" kom van Japannees en is 'n kombinasie van twee woorde wat "prent" en "letter" beteken. Die Engelse woord "emoticon" is ook 'n samestelling van twee woorde wat "emosie" of "ikon" (visuele beeld) beteken. Die Engelse en Japanse betekenis vir die gesels-gesiggie is baie beskrywend en effektief. Maar omdat "emoji" beter klink, is dit die populêre term.

2. Die emoji wat die Oxford Woordeboek se kompetisie gewen het, is die



gesiggie met tranen van vreugde en lyk so:

Dié gesiggie beteken: om baie geamuseerd te wees of groot vreugde of blydschap te ervaar.

3. Daar is ongeveer 1791 emoji's op die kodelys vir aanlynkommunikasie. Die meeste hiervan is glimlag-gesiggies. 'n Baie kreatiewe gesiggie, wat



baie kan beteken, is die zip-mond gesiggie:

Jy kan die gesiggie gebruik wanneer iemand vir jou 'n geheim vertel wat jy nie mag oorvertel nie. Of dit kan beteken dat jy nie kommentaar wil lewer nie. 'n Gesiggie wat dalk nie sin maak nie, is die neutrale gesiggie:



Wanneer sal 'n mens dit gebruik? As jy geen ekspressie of respons het nie, is dit mos makliker om nie 'n respons te lewer nie en net stil te bly!

4. Emoji's bly 'n wonderlike manier om te kommunikeer. Daar is akademië wat ons gesels met gesiggies kritiseer: hulle sê dit maak ons woordeskat arm. Maar ons moderne wêreld fokus op die visuele en hierdie gesiggies speel 'n positiewe rol in visuele kommunikasie.
5. Verbeel jou jy is in 'n Tibetaanse restaurant waar die kelners nie Engels verstaan nie en jy ook nie die taal op die spyskaart verstaan nie. Jy kan dan baie maklik vir die kelner 'n emoji van 'n hamburger en 'n pakkie tjijs op jou selfoon wys.

6. Daar is 'n emoji vir amper elke soort kos onder die son. Party prentjies kan 'n mens 'n bietjie deurmekaar maak. Die emoji vir 'n geroosterde aartappel lyk baie soos 'n vet wortel! Maar die gesiggie vir 'n perd lyk ook baie meer soos die van 'n donkie. En vreemd genoeg is daar nie 'n emoji vir 'n gekookte eier nie.
7. Maar is emoji's regtig uniek aan ons moderne tyd van tegnologie en sosiale media? Die antieke Egiptenare het ook prentjies gebruik om te kommunikeer; hulle het dit hiërogliewe genoem. Die ekspressie: "Daar is niks nuut onder die son nie" is beslis waar – ook vir ons gesels met gesiggies!

(Bron: Vertaal en verwerk uit **Fresh Living** – Oktober 2018)

- 1.1 Waarom was die Oxford Woordeboek se wenner van die kompetisie in 2015 anders as gewoonlik? (1)
- 1.2 Wat het die Japannese en Engelse taal vir die gesels-gesiggie in **gemeen**? (1)
- 1.3 Watter **verskil** is daar tussen die Japannese en Engelse taal vir die gesels-gesiggie? (1)
- 1.4 Kies die antwoord wat **verkeerd** is deur slegs die alfabetletter van die **verkeerde** stelling neer te skryf.
- 'n Mens sal die gesiggie met trane van vreugde gebruik as jy:*
- A. baie gelukkig en opgewonde voel.
B. dink iets is baie humoristies en snaaks.
C. as jy huil en hartseer is. (1)
- 1.5 Waarom, dink jy, is dit so gepas om die zip-mond gesiggie te gebruik wanneer 'n mens nie 'n geheim mag oorvertel nie? (1)
- 1.6 Waarom behoort die neutrale gesiggie nie in die kodelys vir aanlynkommunikasie te wees nie? Beantwoord die vraag in jou **eie woorde**. (1)
- 1.7.1 Antwoord **WAAR** of **ONWAAR** op die volgende stelling:
Akademici dink dat emoji's 'n baie positiewe invloed op ons taal het. (1)
- 1.7.2 Haal 'n gedeelte uit die teks aan om jou antwoord in Vraag 1.7.1 te motiveer. (1)
- 1.8 Hoe kan emoji's jou help as jy in 'n vreemde land is en jy verstaan nie die bewoording van die spyskaart nie? (1)

1.9 Party emoji's is in die vorm van 'n prentjie. Dink jy alle prentjie-emoji's lyk baie realisties?

- Antwoord JA of NEE op die vraag en verduidelik jou antwoord deur **twee voorbeelde** uit die teks. (2)

1.10 Lees **paragraaf 7**. Waarom is emoji's dalk nie so uniek vir ons moderne tegnologiese eeu nie? (1)

[12]

Vraag 2 Grafiese Artikel

Lees die teks deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg deur na die inhoud van die teks te verwys.


Mickey word 90



Op 18 November word die bekendste muis in die wêreld 90 jaar oud. In hierdie tydperk het hy die offisiële logo van Disney geword en in duisende kinders se harte gekruip.

Hier is 'n paar feite oor hierdie ikoniese karakter.

Mickey se eerste verskyning was in die tekenprent *Steamboat Willie* op 18 November 1928. Dit was een van die eerste tekenprente met gesinchroniseerde klank. Dié muis was dadelik baie gewild in fliekteaters.





Walt Disney wou hom eers "Mortimer" noem. Sy vrou het gelukkig voorgestel dat hy 'n meer kindervriendelike naam gebruik.

Walt Disney (1901–1966)

Disney was byna 20 jaar lank in elke strokiesfilm die stem van Mickey.

Mickey is die eerste strokiesprent-karakter wat 'n ster op die Hollywood Walk of Fame gekry het.

Mickey Mouse

Mickey het gesorg dat Disney in 1932 'n ere-Academy-toekenning vir die skep van hierdie karakter gekry het.

Bron: <http://mentalfloss.com>, Wikipedia, disneynews.us

MORNÉ SCHAAP, Grafika24

Grafika24

- 2.1 Waarom weet almal in die wêreld wie Mickey is? (1)
- 2.2 Skryf 'n **frase** uit die teks neer wat beteken dat Mickey veral by kinders gewild is. (1)
- 2.3 Skryf 'n **woord** uit die teks neer wat beteken dat Mickey se beeld deur die hele wêreld bewonder word. (1)
- 2.4 Waarom was Mickey se verskyning in die film **Stemboat Willie** ekstra spesiaal? (1)
- 2.5 Stem jy saam met Walt Disney se vrou dat **Mickey** 'n beter naam as **Mortimer** is?
 - Antwoord JA of NEE op die vraag en motiveer jou antwoord. (1)
- 2.6.1 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.

Walt Disney kon na 1966 nie meer Mickey se stem in strokiesfilms wees nie. (1)
- 2.6.2 Motiveer jou antwoord by 2.6.1 deur 'n verduideliking wat op die teks gebaseer is. (1)
- 2.7 Mickey het dieselfde menslike status as ander akteurs en aktrises. Hoe weet jy dit? (1)
- 2.8 Hoe is Walt Disney vereer vir sy kreatiwiteit om animasiefilms te maak? (1)

[9]

Vraag 3 Strokiesprent

Bestudeer die strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat volg.

1.



2.



3.



4.



5.



6.





(Bron: <Zitscomics.com>)

- 3.1 Wat **doen** Jeremy se ma in raam 1 om vir hom te sê hy moet haar volg? (1)
- 3.2 Wat wou Jeremy graag word toe hy 'n kind was? (1)
- 3.3 Wat doen Jeremy se ma in raam 3? (1)
- 3.4 Kyk na Jeremy in raam 4. Hoe voel hy op daardie oomblik as hy sê hy was "dof"? (1)
- Skryf net **een woord** as antwoord neer. (1)
- 3.5 Hoe weet jy dat die bure gedink het Jeremy was oulik toe hy tien jaar oud was? (1)
- 3.6 Noem twee truuks wat Jeremy gedoen het. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)
- 3.7 Wat **doen** Jeremy en sy ma in raam 5 wanneer hulle sy truuks onthou? (1)
- 3.8 Kyk na raam 6. Gee twee visuele leidrade wat wys dat Jeremy en sy ma die herinneringe aan Jeremy se kinderdae geniet. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)
- 3.9 Waarom beskuldig Jeremy sy ma van 'n goedkoop truuk in raam 7? (1)

[9]

[30 punte]

Blaai asseblief om

AFDELING B OPSOMMING

Vraag 4 Kossoorte wat jou liggaam gesond hou



- Lees die onderstaande teks.
- Som dan die vyf hoofpunte van **waarom** elke kossoort jou liggaam gesond hou, in jou eie woorde op.
- Noem elke keer **twee feite** oor waarom die kossoort jou liggaam gesond hou in elke hoofpunt.
- **Begin elke keer met die kossoort se naam, bv. Broccoli ...**
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne en 70 woorde neer.
- Nommer elke hoofpunt van 1 tot 5.



Onthou

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke hoofpunt mag slegs **een sin** bevat met die **twee feite** oor hoekom die kossoort jou liggaam gesond hou.
- Beplan jou opsomming voor jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning.

Superhelde in jou kosblik

Broccoli gee hoë voeding maar dit het baie min kilojoules. Dit is ook 'n bron van yster en vitamien C en A. Vitamien C is 'n anti-oksidant wat jou help om vinniger gesond te word as jy siek is. Broccoli is die gesondste as dit rou is of gestoom word. Dit staan bekend as die heel sterkste wapen teen kanker.

Die gesegde: 'n appel 'n dag laat die dokter wag, is beslis waar! Appels is die gesondste as dit met die skil geëet word want die meeste anti-oksidente sit in die skil. Die anti-oksidente sorg dat jou vel gesond bly. Verder help dit om cholesterolvlakke laag te hou.

Eiers word as 'n superkos gesien. Koswetenskaplikes sê 'n mens behoort elke dag 'n eier te eet, want dit help jou liggaam om in die algemeen gesond te bly. Die proteïene en anti-oksidente wat in eiers is, help teen die veroudering en degenerasie van die liggaam.

Navorsing het gewys dat bessies 'n vrugtesoort is wat die meeste anti-oksidente bevat. Dit hou die liggaam gesond teen kanker. Aarbeie is 'n goeie bron van vitamien C, kalsium en kalium. Dit voorkom hoë bloeddruk en hartsiektes. Agt aarbeie het meer vitamien C as 'n mediumgrootte lemoen.

Het jy al ooit gewonder hoekom atlete voor, tydens en na 'n resies piesangs eet? Dit is omdat piesangs hope energie gee. Met twee piesangs in jou, kan jy vir 90 minute hard oefen. Saam met die energie, sorg piesangs vir gesonde spierfunksie. Piesangs verminder ook die simptome van sekere allergieë.



(Bron: **Naweekbeeld** – 13 Junie 2020)

[10]

AFDELING C TAALVAARDIGHEID

Vraag 5 Sinstrukture

Bestudeer die strokiesprent hieronder en skryf dan die sinne oor soos aangedui.



(Bron: **Die Burger** – 7 Julie 2020)

- 5.1 Die krieketkolf is splinternuut. Die seuntjie gaan 'n wedstryd met die krieketkolf speel.

Die krieketkolf waarmee ...

(1)

- 5.2 Moet die kinders nog maskers dra?
Nee, die kinders hoef ... (1)
- 5.3 Die hondjie wonder of die kinders regtig skool toe moet gaan.
Die hondjie wonder: “?” (1)
- 5.4 Die vrouens staan buite sodat hulle die kinders kan sien loop.
Die vrouens staan buite om ... (1)
- 5.5 Die een ma sê: “My kind sal veilig wees want sy luister na my.”
Die een ma sê ... (1)
- 5.6 Die kinders hou van skool maar hulle wil nie maskers dra nie.
Alhoewel (1)
- 5.7 Die kinders pak hulle tasse in dan wil hulle begin stap.
Die vorige dag ... (2)
- 5.8 Die moeders is baie opgewonde om hulle kinders in die nuwe skooluniforms te sien.
Die volgende oggend ... (1)
- 5.9 Die kinders dra elke oggend die spuitbottels netjies in hulle sakke.
Die spuitbottels ... (1)
- 5.10 Die kinders is gister baie vriendelik deur die hondjie gegroet.
Die hondjie ... (1)
- 5.11 Die vrouens staan buite, alhoewel dit baie koud is.
Die vrouens staan buite al ... (1)

[12]

Blaai asseblief om

Vraag 6 Woordstrukture

Lees die paragraaf wat op die strokiesprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.



(Bron: **Die Burger** – 30 Junie 2020)

Skryf die nommer en korrekte antwoord **ONDER MEKAAR** neer.

Die **6.1** (waiter – gee die Afrikaans) neem die gesin se bestelling. Op die tafel staan twee **6.2** (potte – gee die verkleining) sout en **6.3** (peper/pepper – kies die korrekte spelling). Daar brand ook 'n romantiese **6.4** (kêrs/kers – kies die korrekte spelling) op die tafel. Die ma sit met **6.5** (swaai – gee die teenwoordige deelwoord) bene op haar stoel. Dit is nou **6.6** (18:30 – skryf die tyd in woorde) en die gesin is honger. Die tafeldoek is **6.7** (wit – gee die intensiewe vorm) en hang **6.8** (laag – gee die vergrotende trap) aan die een kant. Die man dra 'n **6.9** (bril/brille – kies die korrekte woord) en sy masker het **6.10** (streep – gee die meervoud). 'n Mens moet **6.11** (jy/jou – kies die korrekte voornaamwoord)

masker in 'n restaurant dra. Die seuntjie en dogtertjie sit **6.12 (stout – gee 'n antoniem)** by die tafel. Hulle pa kyk na die eerste **6.13 (bladsy – gee die afkorting)** van die spyskaart. Hulle ma hou baie van mooi **6.14 (handsak – gee die meervoud)** en hulle pa hou van 'n mooi **6.15 (scarf – gee die Afrikaans)**. Dit lyk of die gesin nog **6.16 (lang/lank – kies die korrekte woord)** vir hulle kos gaan wag!

(16 X ½ = 8)

Vraag 7 Kommunikasie

- Bestudeer die skets en inligting hieronder.
- Voer die instruksie wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde van die persoon wat praat, neer.
- Elke respons moet 15 – 20 woorde lank wees.
- Skryf die woordtelling na elke respons neer.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



Situasie

Dit is die Proefeksamen. Jy en jou maats is bekommerd oor hoe julle moet voorberei en leer vir julle voorgeskrewe boek, **Asem**.

- 7.1 Jou een maat (A) is baie **gestres** oor haar voorbereiding vir **Asem**.
- Skryf neer wat sy vir julle sê. (2)
- 7.2 Jou een maat (B) **gee** vir haar **advies**.
- Skryf neer watter **advies** hy vir julle maat gee. (2)
- 7.3 Jou ander maat (C) ken **Asem** baie goed en **stres glad nie**.
- Skryf neer wat hy **dink**. (2)



- 7.4 Jy (D) besluit om eerder vir julle Afrikaans onderwyser te vra vir **hulp**.
- Skryf neer wat jy vir die onderwyser vra. (2)
- 7.5 Julle Afrikaans onderwyser (E) gee **goeie advies** oor hoe om **effektief** voor te berei vir **Asem** in julle Proefeksamen.
- Skryf neer wat die onderwyser vir jou sê. (2)

(Grafika: Anna-Louw van Rooijen – Vryskut Grafiese Ontwerper)

[10]

[30 punte]

AFDELING D POËSIE**Vraag 8 Voorbereide gedig**

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

“Mamma” kan ek nie sê nie – Jelleke Wierenga

- 1 Ek onthou die engel
 2 het my van die rand
 3 van wik en weeg

 4 afgeskop in jou in

 5 onmoontlik sê hulle
 6 om te weet van
 7 voor tyd se tyd

 8 maar ek het geweet
 9 wat ek nou weet:

 10 as jy na my kyk
 11 is ek nie
 12 in jou oë nie.

(Bron: **Toulopers: Verse vir Tieners** – J. Jacobs)

- 8.1 Wat impliseer die aanhalingstekens by die woord “Mamma” in die titel? (1)
- 8.2 Haal **een woord** uit die gedig aan wat impliseer dat die kind voor geboorte sekere kennis gehad het. (1)
- 8.3 Waarom het die engel **gewik en geweeg**? (reël 3) (1)
- 8.4 Reël 4 is ‘n enkelreël. Wat is die **funksie** van hierdie tipografiese skeiding? (1)
- 8.5 Lees die stelling hieronder en kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.
- Strofe 3, reëls 5 – 7, is ‘n voorbeeld van ‘n:
 - A. hiperbool.
 - B. parentese.
 - C. enjambement.
 - D. eufemisme. (1)
- 8.6 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 9? (1)
- 8.7 Die gedig het drie strofes van drie reëls elk. Wat word ‘n strofe van **drie** reëls genoem? (1)

8.8 Kyk na die **bou** van die gedig. Wat word gebruik om die inhoud van die gedig te fokus en te konsentreer? (1)

8.9 Die laaste strofe (reëls 10 – 12) verduidelik die **tema** van die gedig.

- Verduidelik hierdie tema deur ook na die inhoud van die laaste strofe te verwys. (2)

[10]

Vraag 9 Voorbereide gedig

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Taylor Swift – Kobus Grobler
vir Liebet

- 1 jy herhaal
- 2 haar woorde van melancholie
- 3 vir die hoeveelste keer
- 4 Weer
- 5 en nou ná heeldag lank
- 6 se periodes skoolwerk
- 7 en pouses
- 8 Alleen
- 9 se draal in die liedjie
- 10 val jy met skooluniform taai van skool
- 11 skoene uitgeskop
- 12 op die bed neer
- 13 sing jy die woorde
- 14 van haar nuutste CD
- 15 gelaai in MP3
- 16 Snik
- 17 Huil
- 18 Grens
- 19 Jy
- 20 want vir die eerste keer
- 21 in die spieël
- 22 met jou pa se oë vol tranes
- 23 verstaan jy
- 24 weet jy
- 25 hoekom bome hulle blare verloor

(Bron: **Toulopers: Verse vir Tieners** – J. Jacobs)

9.1 Vul die ontbrekende woorde in om die stelling korrek te voltooi:

Die gedig gaan nie oor Taylor Swift nie, maar oor die liedjie waarna die “jy” (reël 1) luister met die titel 9.1.1 wat as 9.1.2 vir die gedig gebruik word. (2)

9.2 Haal ‘n woord uit die gedig aan wat die stemming van die liedjie, waarna die “jy” luister, beskryf. (1)

9.3 Wat is die funksie van die enkelwoordstrofe (reël 4)? (1)

9.4 Watter struktuurelement gebruik die spreker om die lang, uitgerekte skooldag te beklemtoon? (1)

9.5 Haal twee woorde uit die gedig aan wat beteken dat skool vir die “jy” ‘n negatiewe ervaring is. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)

9.6 Wat doen die “jy” om beter te voel en haarself te troos? (1)

9.7 Lees versreëls 16 – 18. Kies dan die korrekte antwoord en skryf net die alfabetletter neer.

Reëls 16 – 18 is ‘n voorbeeld van:

- A. personifikasie.
- B. kontras.
- C. progressie.
- D. ironie. (1)

9.8 Verduidelik die betekenis van reël 22: **met jou pa se oë vol trane** (1)

9.9 Kyk na reëls 23 – 25. Dink jy dit wat die “jy” nou verstaan, is positief of negatief?

- Antwoord **positief** of **negatief** en verduidelik jou keuse. (1)

[10]

Blaai asseblief om

Vraag 10 Onvoorbereide gedig

Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Vaderkrismis – Eveleen Castelyn (Verwerk)

- 1 rekordverkope:
- 2 stillenag weeklink
- 3 geldklokkies klingel
- 4 vaderkrismis op 'n goue stoel
- 5 in die O.K.-basaar, het
- 6 geselsies met die kinders,
- 7 sweet van sy gesig
- 8 rol oor sy wang
- 9 op die wattewit soom
- 10 van 'n rooi krismisrok
- 11 voetsole brand, soos 'n vuur
- 12 weerprofete bring die goeie
- 13 nuus: dit sneeu in Bethlehem!
- 14 die Merrykrismiskind
- 15 is weer gebore
- 16 vir die bloedige fees
- 17 van silwerstukke en goue geld

(Bron: **Woordreise** – Saamgestel deur Adinda Vermaak e.a.)

- 10.1 Vul die ontbrekende woord in om die stelling korrek te voltooi:
Stillenag (reël 2) is die titel van 'n bekende 10.1.1 (1)
- 10.2 Wat **doen** vaderkrismis in die O.K.-basaar? Noem twee feite. ($\frac{1}{2} \times 2 = 1$)
- 10.3 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit die gedig aan. Onderstreep die klanke wat die alliterasie aandui. (1)
- 10.4 Hoe weet jy dat vaderkrismis warm kry? (1)
- 10.5 Skryf 'n voorbeeld van 'n **vergelyking** uit die gedig neer. (1)
- 10.6 Skryf 'n woord uit die gedig neer wat pas by die kleur **rooi** in reël 10. (1)
- 10.7 Dink jy dit is goeie nuus dat dit in Betlehem sneeu? (reël 13)
 - Antwoord **JA** of **NEE** en verduidelik jou opinie. (1)
- 10.8 Watter ander woord in die gedig sal 'n mens ook met **sneeu** assosieër? Skryf net **die woord** neer. (1)

10.9 Die gedig fokus nie op die vier van die tradisionele Kersfees nie.

- Watter **fees** (reël 16) word in die gedig beskryf? Verduidelik jou antwoord **in jou eie woorde** en noem ten minste **een voorbeeld** uit die gedig om jou antwoord **te motiveer**. (2)

[10]

[30 punte]

Groottotaal: 100 punte

